**Godsdiens is nie noodwendig diens aan God nie**.
Religion can be dangerous

Jes 1:10-20

Godsdiens is nie noodwendig *diens aan God* nie.
Godsdiens kan *sonde* word.
Godsdiens kan *gevaarlik* wees! Religion can be dangerous.

**Israel in Jesaja se tyd is hiervan 'n goeie voorbeeld**. (Jesaja het sowat 7 eeue vC opgetree.) Hulle was op daardie stadium **verskriklik godsdienstig**: Hulle het *"baie offers"* gebring, was gereeld in die *tempel*, het getrou die *voorgeskrewe feeste* gevier, het met groot gebaar *gebid* (hande in die lug gesteek). Wat hierdie dinge betref, was hul optrede dus baie **voorbeeldig**, slaag hulle met onderskeiding!
They were very religious.

**God oordeel ongelukkig totaal anders**. Wat Hom betref, druip hulle loshande. Hy plaas hulle in **dieselfde klas** as die goddelose Sodom en Gomorra. Hy maak die **skokkende stelling** dat Hy *"sat"* is vir hul offers en 'n *"afsku"* het van hulle feeste. Dit alles is vir Hom net 'n groot las, Hy is moeg daarvoor, trouens, Hy *"haat"* dit!
**Wat sê dit vir ons?**
Dit sê hulle godsdiens was *allesbehalwe diens aan God*.
Hoe seker is ons dat ons godsdiens diens aan God is?

**Hoe moet 'n mens God se houding verstaan?** Wil Hy *nou ewe skielik* nie meer die *offers en feeste* wat Hy self ingestel het, hê nie? Wil Hy nie meer hê dat mense moet *bid* nie? Het Hy nou **versadigingspunt** bereik – soos wat 'n mens *te oud* raak vir sekere goed, of net *jou smaak* daarvoor verloor?

**Nee, die sleutel tot hierdie probleem is die woorde in vers 13**: *"Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie."* "Who wants your sacrifices when you have no sorrow for your sins?" (:12) God despises hypocrisy. Israel het *vergeet dat ware godsdiens nie net beteken* dat ek **my hande** in gebed na God toe uitsteek nie, maar dat ek ook my hande na my naaste toe uitsteek om te help waar ek kan. Hulle het hul *een hand* opgehef na God toe, terwyl hulle met die vingers van die ander hand hul naaste aan die keel beetgekry het. Jy kan *godsdiens* en *reg doen aan jou naaste* nie van mekaar skei nie. Hulle gee voor dat hulle God liefhet, maar veronreg hul naaste. Terwyl hulle die voorhowe van sy huis *vertrap*, so baie kom hulle daar, vertrap hulle die regte van hul medemense.

"<u>God loves whatever is just and good</u>."
**God het reg en geregtigheid lief** (Ps 33:5). Dit grief Hom wanneer dit geskend word. Die **mees tragiese voorbeeld** van die skending van die reg deur godsdienstige mense was toe die Joodse godsdienstige leiers Jesus op 'n **valse aanklag** laat kruisig het. Watter **onreg** is Hom nie aangedoen nie, en dit in die naam van die godsdiens, omdat Hy kwansuis 'n godslasteraar was! Jesus was falsely accused and condemned to death.

**Ja, godsdiens kan sonde wees – wanneer dit neerkom op skynheiligheid**, soos in Israel en die Fariseërs se geval. Dit is dan wanneer jou godsdienstige handelinge nie werklik 'n *verskil maak* aan jou lewe nie; wanneer dit nie met 'n werklike *toewyding* aan God gepaard gaan nie. Paulus wys ons in Rom 12 daarop dat die **wesenlike** van die godsdiens is om jouself as 'n lewende offer aan God te wy. Solank jy dit nie doen nie, is jou godsdiens, selfs sonder dat jy dit besef, nie godsdiens nie, maar **selfdiens**. *"Offer yourselves as a living sacrifice to God, dedicated to his service and pleasing to Him. This is the true worship that you should offer."( Rom 12:1-2)*

Die **gevaar van 'n skyngodsdiens** is dat jy daarmee jou *gewete kan salf* en jouself kan *wysmaak jy is O.K.* – en dan is jy allesbehalwe O.K.! Jy is al die tyd besig om vir God moeg en sat te maak en Hy luister nie jou gebede nie.
<u>Religion can be dangerous when it gives you a false sense of security.</u>

Die profeet moes hierdie dinge **hard en duidelik vir die volk sê** al was dit sekerlik nie vir hom maklik of lekker nie, want as hulle nie verander nie, wag daar vir hulle **ondergang en vernietiging** (:20).

**Die Goeie Nuus vir hulle en vir almal vandag is: Daar is hoop!**
<u>There is hope</u>!
*God skryf* hulle nie af nie. Hulle *lot* is nog nie verseël nie. Die **wonder is** dat God bereid is om weer van voor af met sy volk te begin. *"Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here." "Come, let's talk this over! Says the Lord; no matter how deep the stain of your sins, I can take it out and make you as clean as freshly fallen snow."* Hier hoor ons **God se liefde vir die sondaar**.
<u>God hates sin, but has love for sinners.</u>
Hy WIL nie dat iemand *verlore gaan* nie. Hy wil nie dat ons godsdiens *bloot vorm* moet wees nie. Hy begeer 'n **verhouding**. Godsdiens sonder 'n verhouding met God as ons Vader, is net **'n las** – vir Hom en vir ons.
<u>Christianity is a relationship</u>.

*"Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol."*
Skarlakenrooi en purperrooi was destyds die **enigste vaste kleure** (was nie sommer uit) en was *helder, opsigtelik*, maar selfs dit kon verander in presies die teenoorgestelde. (Soos wat ons laas week uit Gen. herinner is: **Niks is te buitengewoon vir die Here nie!**)

Die **doopwater** was vanoggend weer vir ons die *teken van die bloed* van Jesus wat gevloei het tot die skoonwassing van al ons sondes. Daar is nie nog so 'n sterk reiningingsmiddel as die bloed van Jesus nie. Ons sal vandag miskien sê al was jou hart *pikswart, sal dit spierwit* word.

**Hierdie is egter nie goedkoop genade nie.** God se genade is *verniet*, maar nie *goedkoop* nie!
<u>The grace of God is free, but not cheap</u>.
Dit vra van ons **'n verbintenis tot gehoorsaamheid**: *"As julle gehoorsaam wil wees, sal julle die goeie van die land eet…"* (:19) **Jesus:** Ons moet onsself *verloën*, ons *kruis opneem* en agter Hom aan *volg*.
<u>We have to believe in Jesus as our Saviour and to commit ourselves to Him as our Lord.</u>
Kyk weer na vers 16: *"Hou op met kwaad doen. Leer om weer goed te doen, sorg dat reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees."* **Waarom juis hulle?** Omdat hulle destyds die mense was wat *maklik uitgebuit* is. Hulle **verteenwoordig** al die mense wat *vandag veronreg* word en *nie die mag* of die *geld* of die *aansien* of die *kennis* en *verstand* het om hulle te verdedig nie. Ons as gedooptes, as christene kan nie maar **toeskouers** wees nie. Ons vier DV more **Vrouedag** en stem saam dat vroue *eweveel respek en vryheid verdien* omdat en man <u>en</u> vrou na die beeld van God geskape is.

Op die voorblad van die jongste **Kerkbode** word berig dat die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke hom gaan beywer vir 'n *wêreld waarin die reg van God teenwoordig* is. **Geregtigheid** is die *trefwoord* wat die meeste op hulle vergadering gehoor is. Sprekers het daarop gewys dat hulle nie 'n wêreld van geregtigheid *as vanselfsprekend* moet aanvaar nie. Die Christelike kerk sal *moet werk* daarvoor. En **as al 80 miljoen lidmate** van die gereformeerde kerke in die wêreld hulle daarvoor beywer, sal dit mos 'n verskil MOET maak! **Ons moet ons daarvoor beywer** dat daar reg sal geskied aan vroue (Vrouedag), ook: kinders, armes, gestremdes, bejaardes – ongeag geloof, ras of taal.

OM SAAM TE VAT/ IN CONCLUSION

- Gemeente, ek glo die Here **waarsku** ons vandag teen 'n *dubbele lewe*, teen *vormgodsdiens en skynheiligheid*. Hy verafsku dit, dit is *sonde* en is l*ewensgevaarlik*! The Lord warns us against hypocrisy.
- Hy **vra** dat waar nodig, ons ons *skuld sal erken en bely* (nie O.K.). He is asking from us to acknowledge and confess our sins and to ask for His forgiveness.
- Hy gee aan ons die **belofte** van *vergiffenis deur die geloof in Jesus* Christus, van 'n *herstelde verhouding* met Hom en ons medemens, van 'n *nuwe begin*. He promises us complete forgiveness and a new beginning through faith in Christ Jesus.
- Hy **roep** ons ALMAL op tot 'n *lewe van gehoorsaamheid*, 'n lewe van *reg doen*, van *liefde* vir God bo alles en ons naaste soos onsself. He calls all of us to a life of love and righteousness.

"Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak…"

Amen.

**Groepbespreking:**

Lees weer Skrifgedeelte en Hosea 6:4-6; Amos 5:21-24; Miga 6:6-8; Jakobus 1:27.
Gesels oor die volgende aanhaling uit die Belydenis van Belhar:

| |
|---|
| dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; |
| dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel |

Watter veronregtes is daar waaraan jy kan dink?
Wat staan ons/julle/jou te doen?
Watter maniere is geoorloof en watter nie? Sal dit bv reg wees om Zimbabwe met geweld binne te val en die regering omver te werp?